



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V1

NOVEMBER 2014

MEMORANDUM

VRYSTAAT

PUNTE: 120

Hierdie memorandum bestaan uit 20 bladsye.

AFDELING A: LEESBEGRIP**NASIEN VAN DIE LEESBEGRIP:**

1. Spel- en taalfoute in antwoorde word nie gepeenaliseer nie omdat die fokus op begrip is. (Foute moet steeds aangedui word.) Waar die foute die betekenis van die woord(e) verander, word dit wel gepeenaliseer.
2. Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal wat geassesseer word, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepeenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
3. Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/ EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering/bewys moet oorweeg word.
4. Vir WAAR/ONWAAR- of FEIT/MENING/LUG JOU MENING-vrae word net die rede/motivering/aanhaling bepunt.
5. Waar een-woord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek **mits** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
6. Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
7. Aanvaar dialektiese variasies.
8. Aanvaar die letter en/of die korrekte antwoord wat uitgeskryf is, by 'n **meervoudigekeuse-vraag**.

VRAAG 1**TEKS A: TYDSKRIFARTIKEL**

VRAAG	ASSESSERINGSRIGLYNE	PUNT	VLAK
1.1	betaal	1	3
1.2	<ul style="list-style-type: none"> • Om (die beeste) te ruil.✓ • Om te slag/vir kos/om te eet.✓ • (Hulle gebruik die beeste) om swaar vragte te trek.✓ 	3	1
1.3	(Goud) verkleur/roes nie.	1	1
1.4	<ul style="list-style-type: none"> • C • papier, parfuim en speserye. • C papier, parfuim en speserye. (Enige EEN)	1	3

1.5	(Die mense het dit) in hulle kos/vir medisyne gebruik.	1	1
1.6	(Van) silwer	1	1
1.7	“oor baie jare heen ontwikkel” (Penaliseer nie as aanhalingstekens nie gebruik is nie.)	1	2
1.8	<ul style="list-style-type: none"> • D • euro • D euro (Enige EEN)	1	3
1.9.1	(Die) Rand/rand	1	1
1.9.2	(In) 1961	1	1
1.9.3	<ul style="list-style-type: none"> • (Suid-Afrika het toe) ’n republiek geword. • (Suid-Afrika) het in daardie jaar ’n republiek geword. • (Suid-Afrika) het in 1961 ’n republiek geword. (Enige EEN)	1	2
1.10	<ul style="list-style-type: none"> • Kaapstad, ✓ want Tafelberg/die Parlementsgebou is daar. ✓ • Johannesburg, ✓ want daar is goud/dit is die rykste provinsie. ✓ • Durban, ✓ want die toeriste gaan daarheen/dit is bekend vir mooi strande. ✓ • Pretoria, ✓ want die Uniegebou/Oudpresident Mandela se groot standbeeld is daar. ✓ (Of soortgelyk) (Een punt vir die voorstel en die tweede punt vir die motivering.)	2	4
1.11	Onwaar (verdien nie ’n punt nie) Die kandidaat kan geen punt vir die motivering verdien indien WAAR as antwoord gegee is nie. <ul style="list-style-type: none"> • “In Februarie 2013 het ons ’n nuwe stel banknote begin gebruik, maar die ou note mag ook nog gebruik word”. (Penaliseer nie as aanhalingstekens nie gebruik is nie.) (Kandidaat hoef nie die hele sin aan te haal nie.)	1	3
1.12	Randelas is afgelei van: <ul style="list-style-type: none"> • Die rand, wat Suid-Afrika se geldeenheid is. ✓ • EN • Mandela wie se gesig op die note gedruk is. ✓ OF <ul style="list-style-type: none"> • Woordspeling met rand ✓ EN Mandela. ✓ (Of soortgelyk)	2	3

1.13	<p>JA:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Dit gee erkenning aan Nelson Mandela. • Dit verewig Mandela se lewe en werk. • Mandela is 'n ikoon. • Mandela word beskou as die “vader” van ons nasie. (Of soortgelyk) <p>NEE:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Sekere mense mag hierdie note gebruik om vir slegte dinge te betaal, bv. vir dwelms. • As mense hierdie note vir slegte dinge gebruik, sal dit Mandela se naam oneer aandoen. • Ek het nie saamgestem met alles wat hy gedoen het nie. (Of soortgelyk) 	1	4
1.14	<ul style="list-style-type: none"> • B • namaak • B namaak (Enige EEN) 	1	3
1.15	<p>Daar is 'n - watermerk,</p> <p>- spesifieke nommers</p> <p>- (’n stel) klein kolletjies op die note.</p> <p>(Enige TWEE) <i>(Kandidate kan enige TWEE dinge noem of dit in 'n sin weergee.)</i></p>	2	1
1.16	na	1	3
1.17	<ul style="list-style-type: none"> • C • kan dinge wat hulle wil hê van die huis af bestel en betaal. • C kan dinge wat hulle wil hê van die huis af bestel en betaal. <p>OF</p> <ul style="list-style-type: none"> • D • het nie meer kontant of 'n kredietkaart nodig vir hulle inkopies nie. • D het nie meer kontant of 'n kredietkaart nodig vir hulle inkopies nie. (Enige EEN) 	1	3
SUBTOTAAL:		24	

TEKS B: VISUELE TEKS

VRAAG	ASSESSERINGSRIGLYNE	PUNT	VLAK
1.18	Volgraan	1	3
1.19	<ul style="list-style-type: none"> • Broccoli/Patats 	1	3
1.20	<ul style="list-style-type: none"> • Dit is kos met 'n hoë vetinhoud. • Hoender is baie vetterig. • Hoender bevat baie vet. (Enige EEN of soortgelyk) 	1	4
1.21	<ul style="list-style-type: none"> • Die teken wys dat daar stoom uit die beker trek. • (Daar trek) stoom uit die beker. • Daar is merkies/strepies/n teken bo die beker. (Enige EEN of soortgelyk) 	1	3
1.22	<ul style="list-style-type: none"> • Dit val in die GOED-kategorie kossoorte/dis goeie kos/gesonde kos. • Die toebroodjie met sardyne en 'n glas lemoensap gee vir my energie en verbeter my konsentrasie. • Dit help my om te konsentreer. • Dit gee vir my energie. • 'n Burger en 'n koppie koffie gee vir my minder energie. • 'n Burger en 'n koppie koffie verbeter nie my konsentrasie nie. (Enige EEN of soortgelyk) 	1	4
1.23	<p>JA:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Dit is maklik om prentjies te lees. • Dit vat nie lank om prentjies te lees nie. • 'n Mens sukkel nie met die betekenis van woorde nie. • Prentjies trek dadelik die leser se aandag. • Mense wat nie kan lees nie, kan ook visuele tekste verstaan. <p>NEE:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Die prentjies is nie altyd duidelik nie. • 'n Mens leer dan nooit om te lees nie. • 'n Mens se woordeskat ontwikkel nie. • 'n Teks gee meer inligting as prentjies. (Enige EEN of soortgelyk) 	1	4
SUBTOTAAL: 6			
TOTAAL AFDELING A: 30			

Barrett se Taksonomie		Punte	%	
Vlak 5	Waardering	6	20%	20%
Vlak 4	Evaluering			
Vlak 3	Afleiding	12	40%	40%
Vlak 2	Herorganisasie	12	40%	40%
Vlak 1	Letterlik			

AFDELING B: OPSOMMING

NASIEN VAN DIE OPSOMMING

Die opsomming word soos volg nagesien:

- **Punttoekenning:**
 - 7 punte vir 7 feite (1 punt vir elke feit)
 - 3 punte vir taal
 - Puntetotaal: 10
- **Verspreiding van taalpunte wanneer die kandidaat nie woordeliks aangehaal het nie:**
 - 1–3 feite korrek: ken 1 punt toe
 - 4–5 feite korrek: ken 2 punte toe
 - 6–7 feite korrek: ken 3 punte toe
- **Verspreiding van taalpunte wanneer kandidaat woordeliks aangehaal het.**
 - 6-7 direkte aanhalings: ken geen taalpunte toe nie
 - 1-5 direkte aanhalings: ken 1 punt vir taal toe

LET WEL:

- Tel van woorde:
 - Nasieners moet die getal woorde wat gebruik is, tel.
 - Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
 - Indien die kandidaat die vereiste getal woorde oorskry, lees tot by 65 woorde en ignoreer die res van die opsomming.
 - Korter opsommings wat die vereiste wenke bevat, mag nie geenaliseer word nie.

VRAAG 2: KENMERKE VAN DIE AFRIKA-OLIFANT[Verwerk uit: *Sien Suid-Afrika Visuele feite*]

	TEKS	VERWAGTE ANTWOORDE
1.	Die Afrika-olifant is die grootste landsoogdier. Dit is een van Suid-Afrika se "Groot Vyf". Baie mense besoek ons land juis om die olifante te sien.	Die Afrika-olifant is die grootste soogdier op land.
2.	'n Mens se brein weeg ongeveer 1,5 kg. Die Afrika-olifant se brein kan tussen 4,3 en 5,4 kg weeg.	Die Afrika-olifant se brein kan van 4,3 tot 5,4 kg weeg./Die Afrika-olifant se brein weeg meer as 'n mens s'n.
3.	Leeus en renosters is ook groot, sterk diere, maar hulle ore is nie baie groot nie. Dis beslis nie so groot soos die Afrika-olifant se ore wat 1,83 m lank is nie.	Die Afrika-olifant se ore is baie groot./ Die Afrika-olifant se ore is 1,83m lank.
4.	Twee van die Afrika-olifant se 26 tande groei uit as lang, buitenste tande. Baie olifante word deur stropers doodgemaak omdat hulle hierdie tande wil verkoop.	Die Afrika-olifant het 26 tande./ Die Afrika-olifant het twee lang tande (wat na buite groei.)
5.	Alle olifante se slurpe is eintlik verlengde neuse. Hierdie slurpe kan iets so klein soos 'n grondboontjie of so groot soos 'n 100 kg-stomp optel. Olifante gebruik hulle slurpe om water te drink en om bome uit te trek. Die Afrika-olifant spog met 'n slurp van tot 1,5 m lank.	Die Afrika-olifant se slurp kan tot 1,5m lank wees.
6.	Olifante het baie groot pote. Die Afrika-olifant het 'n ovaal agterpoot en 'n ronde voorpoot. 'n Mens kan nie olifante se tone duidelik sien nie.	Die Afrika-olifant se agterpoot is ovaal/ die voorpoot is rond.
7.	Net soos baie ander diere, het olifante ook 'n klossie hare aan die punt van hulle sterte. Wie sou kon raai dat die Afrika-olifant se stert tot 11 kg kan weeg?	Die Afrika-olifant se stert kan tot 11 kg weeg.
	GETAL WOORDE = 206 woorde (Disjunktief: ±200 woorde)	GETAL WOORDE: 63 woorde (50-60/65 maksimum)

Barrett se Taksonomie		Punte	%	
Vlak 5	Waardering	2	20%	20%
Vlak 4	Evaluering			
Vlak 3	Afleiding	4	40%	40%
Vlak 2	Herorganisasie	4	40%	40%
Vlak 1	Letterlik			

AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**NASIEN VAN TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**

1. Spelling:

- Een-woord-antwoorde moet korrek gespel word.
- By volsin-antwoorde word verkeerde spelling gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur is wat getoets word.
- Waar afkortings getoets word, moet die leestekens korrek wees.

2. Sinstrukture moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word volgens die instruksies.

3. Aanvaar die letter EN/OF die korrekte antwoord wat volledig uitgeskryf is by 'n meervoudigekeuse-vraag.

VRAAG 3: ADVERTENSIE

VRAAG	ASSESSERINGSRIGLYNE	PUNT	VLAK
3.1	<ul style="list-style-type: none"> • vinnige • maklike 	2	3
3.2	<ul style="list-style-type: none"> • Punt: Volg net twee eenvoudige stappe. • Uitroepeteken: Volg net twee eenvoudige stappe! • Beletselteken: Volg net twee eenvoudige stappe ... • Dubbelpunt: Volg net twee eenvoudige stappe: (Enige EEN) 	1	2
3.3	<ul style="list-style-type: none"> • C • Koppelteken • C Koppelteken (Enige EEN) 	1	1
3.4	re – gis – treer	1	3
3.5	bel	1	2
3.6.1	jou/Jou (Enige EEN)	1	3
3.6.2	elektroniese	1	2

3.7	Dit is 'n mening, ... <ul style="list-style-type: none"> want dis die adverteerder wat so dink. almal stem nie noodwendig saam met die adverteerder nie. (Enige EEN of soortgelyk)	1	4
3.8	<ul style="list-style-type: none"> Die advertensie is gerig op ALLE mense (wat Gauteng se paaie gebruik). Die advertensie is vir almal bedoel. (Enige EEN of soortgelyk)	1	5
SUBTOTAAL: 10			

VRAAG 4: SPOTPRENT

VRAAG	ASSESSERINGSRIGLYNE	PUNT	VLAK
4.1	probleempie <i>(die spelling moet korrek wees)</i>	1	1
4.2	veertien <i>(die spelling moet korrek wees)</i>	1	2
4.3	regterskouer	1	1
4.4	<ul style="list-style-type: none"> Wie gaan volgende jaar skool toe? <i>(Vraagteken moet daar wees om die punt te verdien.)</i> 	1	3
4.5	Ek sal hard leer omdat ek wil slaag.	1	3
4.6	<ul style="list-style-type: none"> Jan se rapport is deur die skoolhoof geteken. Jan se rapport is geteken deur die skoolhoof. (Enige EEN)	1	4
4.7	<ul style="list-style-type: none"> Jan se ma se oë is groot gerek. Jan se ma swaai/waai met haar hand. Jan se ma se hand bewe. Jan se ma se mond is afgetrek. Jan se ma se kop ruk agteroor. Daar is merke/sweet rondom haar kop. Die uitdrukking op haar gesig. (Enige EEN of soortgelyk)	1	4
4.8	figuurlike	1	3
4.9	Ma sê vir Jan dat hy ✓ harder moet werk.✓	2	3
SUBTOTAAL: 10			

VRAAG 5**5.1: LEESTEKS**

VRAAG	ASSESSERINGSRIGLYNE	PUNT	VLAK
5.1.1	moeilike/harde	1	2
5.1.2	kinderjare	1	2
5.1.3	Die deur is toe . Nee man, moenie toe wees nie. Ek gaan skool toe . Toe, toe maak gou! <i>(Enige sin waar die ander betekenis van die woord duidelik is, m.a.w. nie "oop" nie.)</i>	1	4
5.1.4	km <i>(Geen punt na afkorting nie en nie hoofletter nie.)</i>	1	2
5.1.5	daarmee	1	2
5.1.6	As ons 'n eier wou bak, moes ons toestemming vra .	1	3
5.1.7	Ma het die eiers verkoop . <i>(Die het en verkoop moet korrek en ook in die korrekte posisie wees vir die punt.)</i>	1	3
5.1.8	lig	1	2
5.1.9	<ul style="list-style-type: none"> • Kruideniersware • kruideniersware <i>(Die spelling moet korrek wees.)</i>	1	3
5.1.10	koue	1	2
5.1.11	Water om in te bad, is in 'n groot kastrol gekook. <i>(Aanvaar ook "Water om in te bad")</i>	1	2
5.1.12	televisie	1	1
5.1.13	peperduur <i>(Die spelling moet korrek wees.)</i>	1	2
5.1.14	<ul style="list-style-type: none"> • Mense het nie tyd vir mekaar nie. • Mense het nie vir mekaar tyd nie. (Enige EEN) <i>(Neem nie spelling in ag nie, dubbel "nie" vir die punt.)</i>	1	3
SUBTOTAAL: 14			

5.2: PRENT

VRAAG	ASSESSERINGSRIGLYNE	PUNT	VLAK
5.2.1	koerant	1	3
5.2.2	<ul style="list-style-type: none"> • B • Nandi het hard gewerk; daarom het sy matriek geslaag. • B Nandi het hard gewerk; daarom het sy matriek geslaag. (Enige EEN) 	1	3
5.2.3	Jy	1	2
5.2.4	Hoera	1	3
5.2.5	agter	1	3
5.2.6	<ul style="list-style-type: none"> • B • stereotipering. • B stereotipering. (Enige EEN) 	1	4
SUBTOTAAL:		6	
TOTAAL AFDELING C:		40	

Bloom se Taksonomie		Punte	%	
Vlak 6	Sintese Evaluering	6	14%	20%
Vlak 5				
Vlak 4	Analise Toepassing	17	43%	40%
Vlak 3				
Vlak 2	Begrip Kennis	17	43%	40%
Vlak 1				

AFDELING D: LETTERKUNDE**KINDERS VAN DIE AARDE – Charles Fryer****VRAAG 6****VERHAAL A: DIE RAMP – TT Cloete**

VRAAG	ASSESSERINGSRIGLYNE	PUNT	VLAK
6.1	<ul style="list-style-type: none"> Die verteller se kinders (Sy) kinders (Enige EEN) <i>(Moenie penaliseer indien die kandidaat die verkeerde getal kinders noem nie.)</i>	1	1
6.2	<ul style="list-style-type: none"> Sy was siek. Die verteller se vrou was siek. Sy het 'n bloeiende maagseer gehad. Sy was te siek/te swak om per motor te reis. Die reis per motor sou haar moeg maak/te vermoeiend wees. (Enige EEN of soortgelyk) 	1	1
6.3	<ul style="list-style-type: none"> Na hulle vakansie in Houtbaai, het die verteller na Port Elizabeth vertrek. By Swellendam het die verteller se kleinste kind 'n hoë koors ontwikkel. Op Humansdorp kon die verteller nie nog aspirine vir die siek kind kry nie. Naby Jeffreysbaai het die motor 'n steenbokkie gestamp. 	1 1 1 1	2 2 2 2
6.4	verkoeler	1	3
6.5	<ul style="list-style-type: none"> D bewegings gemaak het wat wys hy soek hulp D bewegings gemaak het wat wys hy soek hulp (Enige EEN) 	1	3
6.6	<ul style="list-style-type: none"> Die verteller/Hy het sy (oudste) seuntjie/kind langs hom (in die reën) laat staan. 	1	1
6.7	<ul style="list-style-type: none"> B 'n man in 'n geel motortjie B 'n man in 'n geel motortjie (Enige EEN) 	1	3
6.8.1	<ul style="list-style-type: none"> B ... het die bestuurder van die Mini-stasiewaentjie se bril afgestamp. B ... het die bestuurder van die Mini-stasiewaentjie se bril afgestamp. (Enige EEN) 	1	3

6.8.2	<ul style="list-style-type: none"> • E • ... het gehuil omdat hulle ma nie saam met hulle was nie. • E ... het gehuil omdat hulle ma nie saam met hulle was nie. (Enige EEN) 	1	3
6.8.3	<ul style="list-style-type: none"> • D • ... het 'n insleepmotor op Humansdorp gaan haal. • D ... het 'n insleepmotor op Humansdorp gaan haal. (Enige EEN) 	1	3
6.8.4	<ul style="list-style-type: none"> • C • ... het in die agterste ruimte van die Mini-stasiewaentjie geslaap. • C... het in die agterste ruimte van die Mini-stasiewaentjie geslaap. (Enige EEN) 	1	3
6.9	<ul style="list-style-type: none"> • Die weldoener wou nie geld/vergoeding/betaling vir sy hulp aanvaar nie. • Die weldoener het geld geweier. (Enige EEN of soortgelyk) 	1	3
6.10	(In die) Van Stadens(pas)	1	1
6.11	<p>Ek sou ...</p> <ul style="list-style-type: none"> • die nooddienste/my ouers/vriend gebel het. • ook probeer het om verbygaande motors te stop. • presies soos die verteller opgetree het. (Enige EEN of soortgelyk) 	1	4
6.12.1	<p>Ek voel ...</p> <ul style="list-style-type: none"> • trots op hom. OF • hartseer oor hom/jammer vir hom. OF • kwaad vir hom. (Enige EEN of soortgelyk) 	1	5
6.12.2	<ul style="list-style-type: none"> • Hy het iemand anders gehelp. OF • Nadat hy 'n weldaad/goeie daad verrig het, het hy self gesterf./ 'n Slegte ding het hom oorgekom. OF • 'n Mens moenie sommer net langs die pad stop om vreemdes te help nie. (Enige EEN of soortgelyk) <p>LET WEL: Die antwoord in 6.12.1 en 6.12.2 moet by mekaar aansluit.</p>	1	5

6.13	<ul style="list-style-type: none"> Die verhaal handel oor die groot ramp wat die verteller op pad huis toe ervaar het. Die verhaal handel oor 'n man wat iemand anders gehelp het en toe self doodgegaan het. (Enige EEN of soortgelyk) 	1	4
		[20]	

VERHAAL B: 'n MAN KOM TUIS – Chris Barnard

6.14	Gouws	1	1
6.15	<ul style="list-style-type: none"> Die man (die pad)/Hy het met sy hand/vinger gewys (dat hy wou saamry). Hy het duimgegooi. (Enige EEN of soortgelyk) 	1	3
6.16	<ul style="list-style-type: none"> (n Klein) koffertjie/tas/klere (n Paar) los pakkies (n Halwe sakkie) lemoene Dameskoene/skoendoos Brood (Enige EEN) 	1	1
6.17	maand	1	3
6.18	<ul style="list-style-type: none"> D personifikasie. D personifikasie. (Enige EEN) 	1	3
6.19	<ul style="list-style-type: none"> Jy dien jou naaste soos die Bybel sê./Jy doen iets vir ander mense Jy maak dit vir ander makliker om bymekaar uit te kom. Jy sien/leer ken die wêreld. Hy kan self van sy handewerk gebruik maak/Hy gebruik die pad wat hy gemaak het. Hy kan agterna sy handewerk bewonder./Die pad wat hy maak is netjies, lieflik en pragtig. (Enige EEN) 	1	1
6.20	<ul style="list-style-type: none"> Die padmaker het vir die verteller van sy lewe en sy werk vertel. Die verteller het die padmaker in die hoofstraat afgelaai. Die padmaker het met al sy goedjies huis toe gestap. Die padmaker se gesin het hom gesien en na hom toe gehardloop. 	1 1 1 1	2 2 2 2

6.21	<ul style="list-style-type: none"> • Hy was altyd positief/vriendelik/vol grappies.. • Al was sy werk moeilik, het hy dit nogtans geniet. • Hy het nie oor moeilike omstandighede gekla nie. • Hy het die beste van sy omstandighede gemaak. • Hy was lief vir sy gesin/het hulle nie vergeet nie. • Hy het vir sy gesin geskenkies gebring. • Hy het moeite gedoen om by sy gesin uit te kom. (Enige EEN of soortgelyk)	1	4
6.22.1	<ul style="list-style-type: none"> • B • ... is waar die padmaker bly terwyl hy aan die paaie werk. • B ... is waar die padmaker bly terwyl hy aan die paaie werk. (Enige EEN)	1	3
6.22.2	<ul style="list-style-type: none"> • C • ... is waar die padmaker en sy gesin woon. • C ... is waar die padmaker en sy gesin woon. (Enige EEN)	1	3
6.22.3	<ul style="list-style-type: none"> • A • ... is waar die man se kinders saam met die hond staan en wag. • A ... is waar die man se kinders saam met die hond staan en wag. (Enige EEN)	1	3
6.22.4	<ul style="list-style-type: none"> • E • ... is waar die padmaker se vrou vir hom wag. • E... is waar die padmaker se vrou vir hom wag. (Enige EEN)	1	3
6.23	(Die) hond	1	1
6.24	Ek sou ... <ul style="list-style-type: none"> • die padmaker agtervolg het om te sien wat gebeur. • verder gery het. • dalk net soos die verteller opgetree het. (Enige EEN of soortgelyk)	1	4
6.25	<ul style="list-style-type: none"> • B • ... gesinne bly lief vir mekaar, al sien hulle mekaar min. • B ... gesinne bly lief vir mekaar, al sien hulle mekaar min. (Enige EEN)	1	3
6.26	<ul style="list-style-type: none"> • Ek hou daarvan om my familie elke dag te sien. • Ek sal bekommerd wees oor my familie. • As ek in die moeilikheid is, sal daar niemand wees om my te help nie. (Enige TWEE of soortgelyk)	2	5
		[20]	

VRAAG 7**OM LAASTE TE KAN LAG – Pirow Bekker****VERHAAL A: DIE GEHEIM – J van Melle**

VRAAG	ASSESSERINGSRIGLYNE	PUNT	VLAK
7.1	<ul style="list-style-type: none"> • Van Buren 	1	1
7.2	<ul style="list-style-type: none"> • 7 ure • Sewe ure (Enige EEN) 	1	1
7.3	<ul style="list-style-type: none"> • Drie (kinders) • 3 (kinders) (Enige EEN) 	1	1
7.4	<ul style="list-style-type: none"> • 'n Matroos. • Een van die matrose (op die boot). (Enige EEN of soortgelyk) 	1	1
7.5	<ul style="list-style-type: none"> • Dou Snoek was 'n goeie swemmer. • Dou het goed genoeg geswem om Leune te red. (Enige EEN of soortgelyk) 	1	3
7.6	Rotterdam tot Schouwen	1	3
7.7.1	<ul style="list-style-type: none"> • E • ... het van romantiek in die werklike lewe gehou. • E ... het van romantiek in die werklike lewe gehou. (Enige EEN) 	1	3
7.7.2	<ul style="list-style-type: none"> • C • ... het 'n droomheld in die water ontmoet. • C ... het 'n droomheld in die water ontmoet. (Enige EEN) 	1	3
7.7.3	<ul style="list-style-type: none"> • A • ... sou eerder verdrink, maar sou nie die meisie los nie. • A ... sou eerder verdink, maar sou nie die meisie los nie. (Enige EEN) 	1	3
7.7.4	<ul style="list-style-type: none"> • B • ... het gevloek en gedreig. • B ... het gevloek en gedreig. (Enige EEN) 	1	3
7.8	<ul style="list-style-type: none"> • A • 'n vergelyking • A 'n vergelyking (Enige EEN) 	1	3

7.9	<ul style="list-style-type: none"> • Ek sou 'n tou vir die meisie gegooi het en haar weer op die boot getrek het. • Ek sou ook in die water gespring het om die meisie te red. • Ek sou nie myself in gevaar gestel het om iemand te red wat ek nie ken nie. • Ek sou net soos Dou opgetree het. (Enige EEN of soortgelyk) 	1	4
7.10	<ul style="list-style-type: none"> • Leune het lank weggebly, toe gaan soek haar ma na haar. • Haar ma het haar gesien waar sy op die reling van die skip gestaan het. • Haar ma het op haar geskree om af te klim. • Leune wou afklim, maar het gegly en in die water geval. 	1 1 1 1	2 2 2 2
7.11	<ul style="list-style-type: none"> • Dit het veroorsaak dat Leune groot geskrik en oorboord geval het. (Of soortgelyk) 	1	4
7.12.1	<ul style="list-style-type: none"> • Ek dink dat sy 'n goeie vrou was. • Ek dink dat sy haar geheim op 'n volwasse manier hanteer het. (Enige EEN of soortgelyk) OF • Ek dink dat sy nie 'n goeie vrou was nie. • Ek dink dat sy oneerlik teenoor haar man was. (Enige EEN of soortgelyk) 	1	5
7.12.2	<ul style="list-style-type: none"> • Al het sy soms nog gedroom oor die seun wat haar lewe gered het/die geliefde van haar meisiejare, was sy 'n goeie vrou vir Dou/het sy 'n goeie huwelik met Dou gehad. • Leune het nie toegelaat dat haar dagdrome oor die seun wat haar lewe gered het/die geliefde van haar meisiejare haar huwelik met Dou benadeel nie. • Uiteindelik het Leune wel haar geheim met Dou gedeel. (Enige EEN of soortgelyk) OF • Sy was ontrou aan haar man, omdat sy soms nog gedroom het oor die geliefde van haar meisiejare. • Sy het 'n geheim gehad wat sy nie met haar man gedeel het nie. (Of soortgelyk) <p>LET WEL: Die antwoord in 7.12.1 en 7.12.2 moet by mekaar aansluit.</p>	1	5

7.13	<ul style="list-style-type: none"> • A • Die liefde kan alles oorwin. • A Die liefde kan alles oorwin. (Enige EEN) 	1	3
		[20]	

VERHAAL B: LEUENS – CM van den Heever

VRAAG	ASSESSERINGSRIGLYNE	PUNT	VLAK
7.14	<ul style="list-style-type: none"> • (Sy het) 'n nuwe rok gaan koop. • (Haar man het vir haar geld gegee) om 'n rok te koop. (Enige EEN of soortgelyk) 	1	1
7.15	<ul style="list-style-type: none"> • Na tien (jaar) • Na 10 (jaar) (Enige EEN) 	1	1
7.16	<ul style="list-style-type: none"> • In die kosskool • Toe hulle op skool was. • Toe hulle in die skool se koshuis was. (Enige EEN of soortgelyk) 	1	1
7.17	<ul style="list-style-type: none"> • Naomi se rok was al afgeslyt van dra. • Naomi se rok was al oud. • Naomi was arm. • Naomi se rok het afgesteek teen Olga wat deftig aangetrek was. • Naomi kon sien dat Olga ryker as sy was. (Enige EEN of soortgelyk) 	1	1
7.18	Westcliff	1	3
7.19.1	<ul style="list-style-type: none"> • E • ... was 'n idealis en 'n dromer. • E ... was 'n idealis en 'n dromer. (Enige EEN) 	1	3
7.19.2	<ul style="list-style-type: none"> • C • ... kon 'n saak mooi uitpluis tot haar voordeel. • C ... kon 'n saak mooi uitpluis tot haar voordeel. (Enige EEN) 	1	3
7.19.3	<ul style="list-style-type: none"> • A • ... was werkloos en onverantwoordelik. • A ... was werkloos en onverantwoordelik. (Enige EEN) 	1	3
7.19.4	<ul style="list-style-type: none"> • B • ... was 'n beroemde spesialis. • B ... was 'n beroemde spesialis. (Enige EEN) 	1	3

7.20	<ul style="list-style-type: none"> • Naomi het matriek eersteklas geslaag. (Of soortgelyk) 	1	3
7.21	<ul style="list-style-type: none"> • C • Hulle gesin het net al hoe armer geword. • C Hulle gesin het net al hoe armer geword. (Enige EEN) 	1	3
7.22	<ul style="list-style-type: none"> • Naomi wou vir Olga alles van haar lewe vertel. • Olga het vir Naomi saamgenooi om te gaan sosiale werk doen. • Naomi het besef dat haar en Olga se lewens met die jare baie verander het. • Olga het Naomi huis toe geneem. 	1 1 1 1	2 2 2 2
7.23	<ul style="list-style-type: none"> • Hy het nie verstaan dat sy net die beste vir haar familie wou hê nie. • Hy het nie verstaan dat sy haar kind (seuntjie) goed wou opvoed nie. • Hy het nie verstaan dat sy haar kind in 'n goeie omgewing wou laat grootword nie. (Of soortgelyk) 	1	4
7.24	<ul style="list-style-type: none"> • Ek sou ook die waarheid wegsteek vir my vriendin. • Ek sou ook nie wou hê mense moes van my omstandighede weet nie. • Ek sou ook skaam gewees het oor my situasie. OF • Ek sou eerder die waarheid vertel het, want die waarheid het 'n manier om uit te kom. (Enige EEN of soortgelyk) 	1	4
7.25	<ul style="list-style-type: none"> • Dit sal swaar wees as jy eers baie geld gehad het ✓ en skielik moet jy sukkel sonder geld. ✓ • Dit sal swaar wees as jou pa een van die rykste boere in die Vrystaat was, ✓ en nou het jou man nie 'n werk nie. ✓ • Dit sal swaar wees as jy jou kind in 'n goeie omgewing wou laat groot word het, ✓ maar nou moet jy in 'n swak buurt soos Vrededorp bly. ✓ • Dit sal swaar wees om gewoon te wees aan beter, ✓ en nou moet jy by so 'n armsalige leefwyse aanpas. ✓ (Enige EEN of soortgelyk) 	2	5
7.26	<ul style="list-style-type: none"> • A • Die waarheid kom altyd aan die einde uit. • A Die waarheid kom altyd aan die einde uit. (Enige EEN) 	1	3
		[20]	

Barrett se Taksonomie		Punte	%	
Vlak 5	Waardering	4	20%	20%
Vlak 4	Evaluering			
Vlak 3	Afleiding	8	40%	40%
Vlak 2	Herorganisasie	8	40%	40%
Vlak 1	Letterlik			

TOTAAL AFDELING D: 40
GROOTTOTAAL: 120